



Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland
PO Box 300 674
Albany
Auckland
Klub tel. (09) 478 2291
E-pos: Die.Afrikaanse.Klub@clear.net.nz
Webblad: www.afrikaans.org.nz

1 Februarie 2005

Voorsitter se Jaarverslag - 2004

1. Inleiding

Op 8 Desember 2003 is 'n nuwe Bestuurskomitee (BK) tydens Die Afrikaanse Klub se Algemene Jaarvergadering vir die kalenderjaar Januarie tot Desember 2004 verkies. Die lede was:-

Voorsitter – Philip Langenhoven
Sekretaresse – Euodia van Rensburg
Tesourier – Carla van der Kooij
Sosiale Koördineerder – Hennie Peters
Kiwikasie Koördineerder – Wilna Joubert
Afrikaanse Taalprojekte Koördineerder – Magdel Hammond
Bemarkingskoördineerder (& Skakelwerk) – Philip Langenhoven
IT-Adviseur - vakant
Strategiese adviseur – vakant
Addisionele Lid/Lede - vakant

Soos maar elke jaar gebeur, het praktiese oorwegings die BK genoop om skommelings en koopsterings te doen. Sedert die verkiesing het Euodia van Rensburg se inskrywing vir 'n onderwysgraad haar laat bedank, terwyl Hennie Peters en Magdel Hammond bevorderings by die werk gekry het en weens die nuwe werkdruk ook moes bedank.

Ons is baie dankbaar dat die knap Mariëtte McClement bereid was om die Afrikaanse Taalprojekte oor te neem, en sy is daarvoor gekoöpteer. Ook is Martin Hefer gekoöpteer om die vakature van Strategiese Adviseur te vul – 'n rol wat hy met groot onderskeiding vir die Klub vervul het. Wilna Joubert, ons KiwiKasie-koördineerder, het haarself bereid verklaar om sommer die Sosiale portefeulje ook onder haar vlerk te neem vir die res van die jaar.

Een van die BK se ervare en gewaardeerde lede, Carla van der Kooij – voorheen ons Tesourier - het deur die loop van 2004 bedank, onder andere om aan 'n Kalahariboer van Suid-Afrika verloof te raak. Carla is reeds terug na SA om daar die knoop deur te hak. Ons wens haar alle seën en goeie wense toe.

Verlede jaar het die BK aangedui dat sekere nuwe projekte aangepak en/of ondersoek sal word, soos die uitbreiding van ons Afrikaanse boekrak in die East Coast Bays Library in Browns Bay, Auckland. So ook is ons dankbaar dat die Afrikaanse taalklasse vir kinders nou begin rigting kry, soos later in die verslag blyk.

Die BK voel dat ons voortdurende werk om die Afrikaanssprekende se beeld en profiel in Nieu-Seeland te verbeter en hoog te hou, steeds vrugte afwerp. Ons is ook dankbaar dat die Klub se finansies – wat enkele jare gelede daadwerklik verbeter is – vanjaar ewe gesond is.

Dit was vir ons ook belangrik om aan ons lede verskeidenheid en kwaliteit te bied, deur in die proses waarde toe te voeg tot lede se basiese kultuur- en sosiale behoeftes. Die Klub werk

steeds onverpoos om betekenisvolle projekte rondom die volgende drie fokusareas van die Klub aan te bied: Die gesin, die kunste en uitreiking na die breë Kiwi- en multikulturele gemeenskap.

2. Administrasie

In Februarie 2004 het die BK besluit om die Klub se eerste betaalde kontrakpos van "E-Kommunikeerder" (deur Edsia van Wyk gevul) te terminer en 'n nuwe pos daar te stel, met 'n veel wyer pligtestaat. So is die pos van "Administrateur" geskep wat, bo en behalwe die vorige werk van e-kommunikasie, ook alle finansiële administrasie en beheer van die Klub onder die vlerk moet neem.

Thys Oosthuizen is in Mei vanjaar aangestel en hy doen puik werk vir die Klub. Hierdie is 'n betaalde pos. Die bekleër van so 'n pos het tans nie stemreg tydens BK-vergaderings nie, maar wel sitting, aangesien hy die finansies aan die BK moet voorhou vir bespreking en goedkeuring.

Die Administrateur se werk as kontrakteur behels onder meer die volgende: Alle finansiële administrasie van Die Afrikaanse Klub asook Brokkies se samestelling. (Samestelling van Brokkies behels bv. korrespondensie met adverteerders, beheer oor krediteure, samestelling van elke week se "Brokkies"-raamwerk, ens.) Verder behels die pos finansiële aspekte soos oopmaak van pos, betaal van rekeninge, administrasie van Klublede se lidmaatskapfoeie, opstel van finansiële state vir Bestuurskomitee-vergaderings, ens. Die Redakteur van Brokkies sal egter steeds verantwoordelik bly om die nuus en Klubnuus te skryf en die blad uit te gee, nadat die Administrateur elke week se finale raamwerk met opgedateerde adreslys vir die week aan hom deurgestuur het.

So tevrede was die BK dat Thys Oosthuizen se koms 'n wonderlike verskil aan die Klub gemaak het, dat in die laaste BK-vergadering van 2004 besluit is om sy pligte verder uit te brei, om alle Klub-administrasie (soos. lede-administrasie, bv. aansluitings, hernuwings, skakeling met lede, ens.) in te sluit. Sy betaalde ure is dienoreenkomstig van 12 betaalde ure per week tot 14 ure per week uitgebrei.

Thys is tans besig om die ledelys deeglik onder hande te neem. Die uitbreiding van sy pos om alle administrasie in te sluit, was veral noodsaak omdat die Klub gewoonlik nie maklik vrywilligers vind om vir lang tydperke deurlopende aandag aan hierdie werk te bestee nie. Vrywilligers wil gewoonlik bietjie uithelp, maar in hierdie geval het die werk net te omvattend en veeleisend begin raak en was die skepping van die pos 'n logiese stap.

3. Klubprojekte

Sekere Klubprojekte is aangepak, met inbegrip van die Klub se gesinsfokus, kultuurtaak en die behoefte dat projekte bydra tot die voortdurende verbetering van die Afrikaanssprekende spesifiek en Suid-Afrikaners in die algemeen se beeld:-

3.1 **Oujaarsdans**

Meer as 300 mense het 'n heerlike dans op die North Shore van Auckland bygewoon en tot baie laat gekuier om 2004 te verwelkom.

3.2 **Stalletjie by 'Taste of Africa'-fees in Howick, Auckland**

Die Afrikaanse Klub rig jaarliks 'n stalletjie by hierdie gewilde fees op. Dit is weer gedoen in Februarie 2004. Die Klub het Afrikaanse musiek-CD's namens die SA Kaffee verkoop, asook koeldrank van ons eie. Die hoofdoel was egter om pamflette namens die Klub uit te deel, mense te ontmoet en e-posadresse vir Brokkies in te samel. Dit was weer 'n suksesvolle dag van interaksie met die publiek.

3.3 **Klub se betrokkenheid by die eerste ‘Cape to Cairo Festival’ in Browns Bay, Auckland**

Op 13 Maart 2004 het Die Afrikaanse Klub hierdie fees in samewerking met die East Coast Bays Community Centre aangebied. Lg. sentrum se Sally Cargill het die Klub genader en gevra of die Klub bereid sal wees om ons kennis, ondervinding en netwerk tot die beskikking van hul projek te stel en om as lede van hul reëlingskomitee saam met hulle te werk. Sy is gemotiveer deur haar waarnemings tydens die Klub se vorige drie jaar se suksesvolle KiwiKasie-feeste – veral die multi-kulturele Dagfees wat deel van KiwiKasie uitgemaak het.

Veral twee lede – Erika Langenhoven en Wilna Joubert - het die Klub se belange hoog gedra, deur ‘n puik stuk werk in te sit, wat insluit die reël van ‘n goeie program vir die multi-kulturele musiekverhoog, informele vertonings oral in die straat en ander logistiek, soos die beplanning en reëlings rondom die talle stalletjies wat Browns Bay se hoofstraat volgestaan het.

Dit was ‘n reuse-sukses en derduisende Nieu-Seelanders het die fees bygewoon. Die Klub het besluit om in 2005 weer saam met die gemeenskapsentrum as vennoot aan die projek te werk, aangesien hulle dit ‘n jaarlikse instelling wil maak. Dit was ook ‘n geleentheid om saam met die ander twee SA-organisasies te werk (SANZ en die SA Supporters Club). Veral SANZ het aangedui dat hulle in 2005 meer betrokke wil raak. Die Klub sien uit na hierdie geleentheid om saam met mede-Suid-Afrikaners aan ‘n gemeenskaplike projek te werk. Hierdie een, wat na die breë gemeenskap toe fokus, is ‘n ideale geleentheid.

3.4 **Dagstap vir gesinne by Hunua Falls, Suid-Auckland**

Gedurende Maart het die Klub ‘n dagstap vir gesinne op ‘n lieflike roete vanaf die Hunua Falls aangebied. Hoewel die klein groep wat gaan stap het dit terdeë geniet het, is dit tog jammer dat nie baie meer mense kom saamstap het nie. Hierdie staptog is juis ter wille van veral Howickers gereël, aangesien mense vanuit daardie geweste dikwels versoek dat die Klub iets aan “hulle” kant van die brug moet aanbied. Ons vertrou die Howickers sal ‘n volgende geleentheid goed ondersteun.

3.5 **Landwye toer vir sanger Danie Niehaus**

Gedurende Mei vanjaar het Die Afrikaanse Klub saam met Die Afrikaanse Christen Kerk van NS gewerk, toe lg. vir Danie Niehaus na Kiwiland gebring het vir ‘n konsert by elk van hierdie kerk se twee gemeentes.

Die Afrikaanse Klub het aangebied om na afloop van die kerk se projek – en terwyl Danie nog in Nieu-Seeland sou wees – ‘n landwye toer vir hom te reël. So is Danie baie positief ontvang in Tauranga, Napier en Christchurch. Ons Klub het alle skakeling met die plekke hanteer, oorhoofse koördinerings gedoen en Danie se vlugkaartjies binnelands bespreek en hanteer.

Die BK het ook lankal die beginsel aanvaar dat die Klub sekere optredes by kleiner dorpe mag subsideer met redelike bedrae, indien dit sou blyk dat vrywillige medewerkers (wat dikwels alleen optree, en onder eie finansiële risiko) koue voete kry en die projek gevaar staan om op sulke dorpe gekanselleer te word. Die Klub werk dan ook hard aan promosies via Brokkies, om die organiseerders te help. Dit is een goeie rede waarom dit sinvol is dat die uitbreiding van Brokkies as ‘n landwye publikasie geleidelik ontwikkel moet word, soos tans ook gedoen word.

3.6 **Kookwater-dans met boere-orkesmusiek**

Gedurende die herfs het Die Afrikaanse Klub ‘n spesiale “Kookwater Dans” aangebied, wat met lewendige boere-orkesmusiek deur die Kookwater Boere-orkes aangebied is. Dit was in respons op lede wat gevoel het dat hulle graag ‘n dans sou wou hê wat ‘n oorwig van tradisionele boeremusiek aanbied. Meer as 200 mense

het dit bygewoon, wat aangedui het dat daar beslis 'n behoefte vir so 'n dans per jaar is. Dit was veral verblydend om soveel jongmense saam met hul ouers daar te sien. Die BK sal dit graag oorweeg om jaarliks so 'n dans aan te bied.

3.7 **Winterdans**

Die Klub het sy baie gewilde Winterdans (in die winter!) aangebied. Daar was meer as 300 mense van verskillende ouderdomme en dit was 'n groot sukses. Verskeie Kiwi's het saam met Suid-Afrikaanse vriende bygewoon en is met spesiale pryse aangemoedig om die "langarm" te probeer dans. Net so is baie moeite gedoen om kinders, tieners en volwassenes (hul ouers) saam by die dans te kry en saam op die dansvloer te laat baljaar.

3.8 **Afrikaanse boeke vir Auckland-biblioteek**

In opvolging van die Klub se werk in 2003 om 'n stel van by die 200 Afrikaanse boeke vanuit Suid-Afrika te bekom en op die rak van die East Coast Bays Libraries in Browns Bay, Auckland, staan te maak, is fase twee van hierdie projek pas in die proses om afgehandel te word.

Die BK het gedurende September 2004 'n bedrag van \$4,000 uit Klubfondse bewillig om 'n tweede, groter stel nuwe Afrikaanse boeke vanuit Suid-Afrika aan te koop. Dit is gratis na Nieu-Seeland gebring deur Jaco en Brenda Bosman van die SA Kaffee in Browns Bay, Auckland. Ons is hulle baie dank verskuldig vir hul volgehoue ondersteuning en borgskappe van die Klub.

Ons Afrikaanse Taalprojekpersoon, Mariëtte McClement, het namens die Klub die boeke uitgesoek en aangekoop. Sy werk tans saam met die biblioteek om hierdie stel so gou moontlik ook op die rak te kry.

Die BK bou dus hiermee voort op die goeie beginsel dat van die surplusse wat die Klub as kultuur- en sosiale organisasie mag opbou, teruggeploeg moet word in sinvolle projekte wat die Afrikaanse taal en kultuur prakties ondersteun.

3.9 **Afrikaanse Taalklasse**

Die Afrikaanse Klub het "Breinlyn" in Suid-Afrika genader met 'n versoek dat hulle 'n aantal CD's (met Afrikaanse kurrikulum-studies vir kinders) aan die Klub skenk, sodat Annalien Piechazek, 'n Klublid van die North Shore in Auckland, sulke privaat-klasse teen lae pryse kan aanbied. Dit sal 'n Klub-projek wees wat "uitgekontraakteer" word. Dit is deur "Breinlyn" goedgekeur en die materiaal het reeds in Nieu-Seeland aangekom. Annelien beplan tans aan die klasse.

3.10 **KiwiKasie Afrikaanse Kunstefees**

Op 6 November 2004 het Die Afrikaanse Klub sy vierde Afrikaanse fees, KiwiKasie, op die perseel van die City Impact Church in Browns Bay, Auckland aangebied. **Coenie de Villiers** was die hoofsanger en **Carla du Plessis** die ander gaskunstenaar. Albei is spesiaal vanuit Suid-Afrika na Nieu-Seeland gebring. Dit was die eerste keer dat die Klub twee onafhanklike sangers uitbring. Hiermee saam is 'n jong sangeres, Esti van Rooyen - wat toevallig in Nieu-Seeland was - ook vir enkele items betrek. Die ouditorium het gekreun onder die bykans 800 mense.

'n Uur of twee voor **KiwiKasie** se begin, is 'n verdere eerste aangebied: die "Pasella-konsert" net buite die ouditorium, wat gratis vir die wagtende publiek aangebied is. Dit was 'n gewilde innovasie en het 'n feestelike atmosfeer op die terrein daargestel. En soos gewoonlik het die Klub geïnnoveer deur 'n nuwe groep sangers bymekaar te maak om 'n komiese openingsitem – deur die "Rinkink-groep" - aan die gehoor te bied. Vanjaar se KiwiKasie het feitlik gelyk gebreek, maar tog net-net daarin geslaag om 'n baie klein winsie te maak.

3.11 **Oujaarsdans 2004**

Die Klub se tradisionele Oujaarsdans is op Oujaarsaand in die Browns Bay Primary se skoolsaal aangebied. Dit was baie suksesvol, met bykans 300 mense wat bygewoon het. 'n Heerlike atmosfeer het geheers en mense het soms massadanse uitgevoer en in groot groepe saam op die dansvloer gebaljaar.

4. **Ander Projekte**

4.1. **Ad hoc-projekte**

- 4.1.1 'n "Resensieskryf-wedstryd" is ingestel. Mense word aangemoedig om die Afrikaanse boeke in die Browns Bay-biblioteek te lees en daarvoor kort resensies te skryf, wat in Brokkies (en dalk op die Klub se webblad) geplaas sal word.
- 4.1.2 Tientalle Kiwi-funksies en gemeenskapsprojekte soos feeste, konserte en opvoerings is deur Die Afrikaanse Klub gepromoveer.

4.2 **Bemaking**

- 4.2.1 Die Klub se nou reeds bekende promosiepamflet is aangepas en word steeds by elke funksie van die Klub versprei. ('n Beknopte Engelse weergawe word ook beskikbaar gemaak, sodat Kiwi's beter insig het.)

Hiermee 'n woord van groot dank aan besighede soos Fred's Fine Foods en die SA Kaffee, wat toelaat dat die pamflette op hul toonbanke geplaas kan word en vir die verwysings wat hul werknemers in belang van die Klub doen wanneer nuweling in die land daar aankom.

- 4.2.2 'n Baie mooi klubhemp is laat maak en die Bestuurskomitee het dit by Klubprojekte begin dra. Dit trek oral die aandag en lede het al gevra of so iets nie wyer beskikbaar gemaak kan word nie. Die vatbaarheid hiervan sal ondersoek word.
- 4.2.3 Korrespondensie word steeds van tyd tot tyd gevoer met internasionale epos-kommunikasiemediums (soortgelyk aan "Brokkies") en aanbieders van Afrikaanse projekte en kunstefeeste buite Suid-Afrika. Goeie verhoudings is al opgebou en webbladbesonderhede word wedersyds uitgeruil en in ons publikasies gepubliseer.
- 4.2.4 Die Klub het vir die afgelope ongeveer twee jaar maandeliks artikels tot KLETS, 'n Afrikaanse e-tydskrif in Engeland, bygedra. KLETS het ongelukkig teen die einde van 2004 permanent gesluit. Bydraes is egter ook tot Afrikaanse koerante in Suid-Afrika gedoen.
- 4.2.5 Die Klub se Skakelbeampste skryf 'n maandelikse Afrikaanse rubriek vir "Connections" (SANZ se lyfblad). Hy skryf soms oor temas wat Die Afrikaanse Klub betrek en vermeld dan ook die Klub se webblad.

5. **Klubdienste**

5.1 **E-tydskrif: "Uit-maar-Tuis"**

Weens 'n baie vol program het die Klub vanjaar slegs twee uitgawes van hierdie blad die lig laat sien. Positiewe reaksie word egter gereeld ontvang – ook van ander lande – soos mense dit maklik op die Klub se webblad kan oproep en lees, danksy die elektroniese formaat.

5.2 E-nuusbrief: “Brokkies”

5.2.1 Ons stoutste verwagtinge is oortref deurdat Brokkies se adreslys stewig gegroei het en tans bykans 1,800 gesinne se e-posadresse bereik. Ons ervaar steeds ‘n groei in betalende adverteerders en dit is goeie nuus vir die Klub se kas, aangesien die Klub baie aktief is en dikwels duur projekte moet aanbied. Hierdie groot intekenaarbasis beteken noodwendig dat ook “Uit-maar-Tuis” as e-tydskrif baie verder versprei kon word. Albei mediums het – soos verlede jaar - baie bygedra tot ‘n verdere verbetering in die Klub se beeld en begrip vir ons werk en doelwitte.

5.2.2 Brokkies se relevansie en bruikbaarheid as nasionale Klubnuus- en advertensiemedium is gedurende 2004 ook pro-aktief uitgebrei, onder andere deur die instelling van ‘n landwye “Dagboek”. Ons is tans in die proses om korrespondente elders in Nieu-Seeland aan te stel, om hierdie rubriek te voer met relevante aktiwiteite vir gesinne in hul onderskeie omgewings. Ons ontvang geleidelik meer e-posadresse van mense elders in Nieu-Seeland.

5.3 Webblad

5.3.1 Die afgelope jaar se webblad-statistiek is nagevors, danksy ‘n gratis moniteringsdiens wat die Webmeester, Mara-Marie Joubert, op die webblad ingestel het. Hierdie is enkele hoogtepunte:-

- Totale webbladbesoeke was 11,074 (2004) teenoor slegs 2,484 in 2003.
- Totale aantal bladsye besoek: 33,921 (2004) teenoor 6,920 in 2003.

5.3.2 Pogings word gereeld aangewend om ons nuwe webblad van nuwe, vars inligting te voorsien. Die Klub het ‘n taak om ook voornemende immigrante in Suider-Afrika d.m.v. ons webblad in te lig oor omstandighede in Nieu-Seeland, asook om te wys dat daar wel op positiewe wyse met Suid-Afrikaanse aktiwiteite gewerskaf word.

5.4 Inligting aan voornemende immigrante

Baie voornemende immigrante word gehelp met inligting deur goedgekose skakels op die Klub se webblad, asook deur skakeling met navraers aan die Klub per e-pos. Baie dankie aan Thys Oosthuizen, die Klub se “Administrateur”, vir hierdie werk.

5.5 Ander dienste

5.5.1 Die Klub het by geleentheid Afrikaanse musiek-CD’s verkoop.

5.5.2 Die Skakelbeampte het aangebied om ‘n gratis diens aan Wim Janssen, eienaar van die slaghuis “Janssens Continental” te lewer, deur die Afrikaanse inhoud op sy webblad te herskryf, tot ‘n beter Afrikaanse standaard. Dit is gedoen uit erkenning vir Wim se positiewe gebaar teenoor die Afrikaanse gemeenskap deur sekere Afrikaanse inhoud te hê. Wim was baie dankbaar vir hierdie ondersteuning.

6. Lidmaatskap

Hierdie aspek is tans steeds nie heeltemal bevredigend nie omdat mense soms vergeet of om ander redes nie hul Klublidmaatskap fisies jaarliks hernu nie. Weens vorige administrasie-“gapings” soos vroeër bespreek, is ons steeds nie heeltemal seker hoeveel lede die Klub het nie. Ons Administrateur werk tans hard hieraan. Behalwe dat die Klub se grondwet jaarlikse lidmaatskaphernuwings voorskryf, bly dit egter vir die BK baie belangrik dat mense hulself daadwerklik en bewustelik aan hul lidmaatskap verbind en jaarliks hernu. Dit definieer die Klub se bona fide werkerrein en teikngroep baie duidelik.

7. Strategiese Verhoudinge

7.1. **Multi-Cultural Society**

Die Afrikaanse Klub is by hierdie multi-kulturele liggaam van Auckland geaffilieer. Die Bestuurskomitee en hul gades het die Society se Mid-Winter Dinner bygewoon en baie mense van ander kulture ontmoet.

7.2 **SANZ**

Die Bestuurskomitee reik maar altyd uit na **South Africans in New Zealand Charitable Trust (SANZ)**. Ons gee aan mekaar heelwat blootstelling in ons onderskeie nuusblaai. Hoewel ons wedersyds besef dat ons twee organisasies ons eie unieke fokusareas en doelstellings het en elkeen mekaar sy bestaansreg gun, weet ons ook dat dit die moeite werd is om mekaar as mede-Suid-Afrikaners te ondersteun en te versterk.

Daarom dan het Die Afrikaanse Klub aan SANZ (en aan die SA Supporters Club hier onder genoem) die voorstel gemaak om gesamentlik 'n meer formele dans met aandete vir Suid-Afrikaners te reël. Dit sou kon saamval met die *Cape to Cairo Festival* wat in Maart in Browns Bay aangebied word.

7.3 **SA Supporters Club**

Deurlopende kontak en skakeling is met die derde Suid-Afrikaanse klub in Auckland – die South African Supporters Club - gedoen. Die verhouding met hul Bestuur is baie gesond.

7.4 **Suid-Afrikaanse Ere-Konsuls**

Verhoudinge met die twee Suid-Afrikaanse Ere-Konsuls in Nieu-Seeland, prof. Nick van der Walt (Ere-Konsul van SA in Auckland) en mnr. Gregory Fortuin (Ere-Konsul van SA in die res van Nieu-Seeland), het weer gedy.

Prof. Van der Walt het weer die Klub se voorsitter uitgenooi om die Auckland-burgemeester se jaarlikse funksie vir immigrantegroep - wat in Nieu-Seeland amptelik verteenwoordig word - se gebruiklike vlaghysing-seremonie by te woon.

8. Borgskappe

8.1 Vanjaar het vier borge saamgespan om die Klub se KiwiKasie Fees moontlik te maak. Die Bestuurskomitee se beleid is om baie goed na ons borge om te sien en die nodige blootstelling te gee in ruil vir hul fantastiese ondersteuning. Hulle is:

- Richard & Annelien Piechazek (**AI Financial Services**) - \$2,300
- Dr Henk Eksteen, tandarts van Hamilton - \$1,500
- David en Marietjie Vorster (**Stationery World**) – (Drukwerk)
- Pieter Erasmus se **Glenvar Gastehuis**, met **Charis Counselling** (Verblyf)

8.2 Ons het ook 'n borgskap ontvang van die SA Kaffee van Jaco en Brenda Bosman, toe hulle al ons Afrikaanse boeke gratis van SA vervoer het.

8.3 Ons webmeester, Mara-Marie Joubert, doen al vir die afgelope drie jaar wonderlike werk as webmeester, terwyl sy dit as vrywilliger vir die Klub doen. Die BK het intussen begin om aan haar 'n klein honorarium per maand te betaal vir haar aaneenlopende aandag aan die webblad. Ons dank gaan hiermee aan Mara-Marie, wat al soveel vir die Klub gedoen het. Die webblad lyk altyd pragtig.

8.4 Baie dankie aan hierdie borge, sonder wie ons werk baie moeiliker sou gewees het. Julle het in jul eie gemeenskap belê. Ons hoop ons lede ondersteun julle.

9. Vooruitskoue vir 2005 en daarna...

As alles volgens plan verloop, en indien ons voldoende vrywillige helpers kan kry, wil ons – benewens die normale dienste – ook aan die volgende sake aandag gee:-

- 9.1 Onderhandelinge is die afgelope Desember reeds hewig gevoer om die Afrikaanse sanger Steve Hofmeyr na Kiwiland te bring. Dit is tans sowat 90% voltoer en Julie word hiervoor geormerk. Die Klub sal dalk die KiwiKasie-tema hierrondom tooi.
- 9.2 Inwerkingstelling van Afrikaanse lesse vir kinders.
- 9.3 Verdere aanpassings aan ons webblad, om meer regstreekse en aanlyndienste moontlik te maak. Ons ideaal is bv. om projekkaartjies via die webblad te verkoop, om nuwe lede in staat te stel om aanlyn aan te sluit en eie kontakbesonderhede te kan verander, maar ook vir adverteerders om aanlyn hul eie advertensies vir Brokkies te registreer, ens. Ook “Geelbladsye” mag in ‘n stadium ‘n nuwe baadjie kry.
- 9.4 Ons is reeds besig met die proses om ons administrasie te verbeter, sodat hernuwingskennisgewings en ander materiaal gereeld sal uitgaan en lidbesonderhede op datum gehou word.
- 9.5 Die moontlike uitbreiding van die konsep van ‘n Afrikaanse biblioteekrak na stadsbiblioteke in Howick, Hamilton en Tauranga.
- 9.6 Ledewerwing sal in 2005 baie goeie aandag moet kry.
- 9.7 Die BK wil graag as ‘n standaard-reëling VIER Klubdanse per jaar aanbied.
- 9.8 Die BK oorweeg tans ‘n volledige meningsopname onder Afrikaanssprekers in Nieu-Seeland. Dit mag dalk via die Klub se webblad gedoen word.

14. Slot

Ek bedank 2004 se Bestuurskomitee lede, ons medewerkers, adverteerders, borge, lede en ander ondersteuners van die Klub se projekte hartlik vir ‘n wonderlike jaar van samewerking. Die Afrikaanse Klub was vanjaar baie aktief en het baie suksesse behaal. Soos altyd, wou ons graag aanhou met die positiewe en opbouende proses om immigrante te help om hul sin vir eiewaarde en kulturele bewustheid te vind en/of te definieer.

Ek wil graag ook hiermee erkenning gee aan en dank betuig teenoor ons Almagtige en Drie-enige God, by wie ons ons talente en energie ontvang het om dinge tydens ons tydelike bestaan te doen. Hoewel ons bewus is dat ons aardse kulturele behoeftes en belang nooit bo die saak van die Here gestel kan word nie, weet ons ook dat Hy ons as multi-dimensionele, talentvolle sielsmense geskape het wat ook bykomende emosionele behoeftes het wat deur kultuur en sosiale netwerke vervul kan word.

Ek wens elke lid van Klub en elke ander persoon wat met ons ‘n belang deel, ‘n baie vreugdevolle 2005 toe. Ek hoop ons sien mekaar by Klubprojekte!

Philip Langenhoven

Voorsitter

1 Februarie 2005